

## 4 Januarie - AANNEEM

**Skrifgedeelte: Psalm 27 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 27: 10**

**O**, as ek darem nie geglo het nie! Hoeveel keer het ons dit nie al saam met hierdie digter uitgeroep nie. As ek nie geglo het toe dit swaar gegaan het, toe ek beproef is, toe die lyding oor my gekom het, toe alles rondom my platgeval het nie! Wat sou van my geword het as ek nie geglo het nie? As ek nie aan God kon vashou nie, wat sou van my oorbly?

Maar ek kan glo! *Ek kan glo, want God het my aangeneem* (vs 10). Ek kan God nie aanneem nie, maar Hy kan my aanneem en Hy hét. Selfs as my vader en my moeder my verlaat, dan is ek nie alleen nie, want God het my aangeneem. Hy sorg vir my. Hy koester, versorg, troos, bewaar, beskerm.

Wat 'n wonderlike vreugde om te kan bid: Onse Vader wat in die hemel is! Ek kan die *Onse Vader* bid, want ek is 'n aangenome kind in die Vaderhuis van God. Ek deel in sy rykdom. Hy het my aanneming aan die kruis op Golgota betaal. Hy het my bewus gemaak daarvan deur die werking van sy Heilige Gees.

O, as ek nie geglo het nie, dan het ek vergaan. Maar ek hoef nie te vergaan nie. Ek is aangeneem. Ek is versorg en word versorg. Die feit dat God my aangeneem het, verseker my van 'n ewige lewe saam met Hom. Hoe mooi die versekering dat Hy soos 'n Vader na my omsien, ongeag die omstandighede.

Hierdie Psalm begin so mooi met 'n belydenis: Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees (vs 1)?

Ek hoef nie te vrees nie, want ek is deur God aangeneem.

*Sing: Psalm 27:1, 5 (1936-beryming)*

*Ds JG Noëth (Kimberley)*